*Sondag* **23 November**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:1-11 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:10, 11**

**In stryd met die gesonde leer**

Hierdie eerste brief van Paulus aan Timoteus skryf hy uit Masedonië aan Timoteus in Efese. Paulus het dit vroeër nodig geag om sy leerling, Timoteus, wat hy ook in vers 2 sy eie kind in die geloof noem, in Efese agter te laat omdat daar valse leraars in die stad was. Hierdie valse leraars was mense wat in die kerk ingekom het en die gesonde leer verdraai het. Paulus skryf nou in hierdie brief dat Timoteus hierdie valse leraars wat valse leerstellings versprei, moet verbied om dit te doen. Hierdie valse leerstellings van die valse leraars was in stryd met die gesonde leer (vs 10).

Hier moet ons oplet: Paulus noem 'n lys van praktiese dade wat sonde is en laat alles val onder die benaming van "wat met die gesonde leer in stryd is". Sonde is met die gesonde leer in stryd. 'n Mens kan nie beweer dat hy/sy die gesonde leer aanhang en dan is hy/sy 'n leuenaar of 'n ontugtige nie. Die gesonde leer loop hand aan hand met die gesonde lewe. Net so loop die verkeerde lewe hand aan hand met die verkeerde leer. Die leer en lewe kan nie van mekaar losgemaak word nie.

Die Griekse woord wat Paulus in vers 10 vir "gesonde" gebruik, herinner aan die woord higiënies. Dit dui op die higiëniese leer, of leer wat vir die lewe gesond of heilsaam is. In vers 11 maak Paulus dit duidelik dat hierdie gesonde leer niks anders as die evangelie is nie. Die evangelie van Christus. Ons behoort ook in ons lewens aan die gesonde leer vas te hou. Die gesonde leer lei tot die regte lewe.

Met die regte lewe, waarin die wet van die Here uit dankbaarheid nagekom word, dra die Christen ook die evangelie uit waar hy woon en werk. Hy versprei 'n lieflike geur van die evangelie waar hy ook al rondgaan. Daarom, beywer jou vir die gesonde leer, die leer van ons Here Jesus, die ware evangelie. Hou daaraan vas, dra en leef dit uit!

*Sing: Psalm 119-1:1*

*Ds. PGP (Pieter) le Roux (Wonderboompoort)*